



Palmaalarm

Nuusbrief van Privaatskool Elnatan

Omsendbrief nr. 7

Belê in die toekoms deur kinders lief te hê en hulle goed te onderrig.

24 Februarie 2017

Geagte Ouers

Uit die kantoor

Dit is nog vroeg in die jaar en sover loop dinge mooi by ons skool. Omrede ons nie in 'n perfekte wêreld leef nie, gaan daar maar altyd iets wees wat mense ontstel. Ons kan eenvoudig nie almal 100% tevrede stel nie, maar ek verseker u dat dit ons strewe is.

Daar is enkele sake waarby ek graag ons ouers se ondersteuning vra:

- Eerstens versoek ek ouers om ons hand te neem en met u kinders te gesels oor die noodsaaklikheid van kategeese. Daar heers 'n traak-my-nie-agtige houding hieroor en ons as bestuur gaan weer kyk na die tye van die klasse en of die tyd voldoende is.
- 'n Verdere saak wat my bekommer is die insidente van vandalisme wat in die koshuise geskied. Spieëls, bedplanke, deurslotte en kasdeure word gebreek en afgebreek. Die jongste neiging is dat stortkoppe afgedraai en verwyder word. Ons het almal 'n verantwoordelikheid om hierdie euwel uit te roei. Die skuldiges sal hiervoor moet betaal. Indien ons nie die skuldiges kan opspoor nie, sal ons dit van die ouers moet eis. Hierdie laaste stap wil ons ten alle koste probeer vermy.



Studie- en loopbaanmoontlikhede

Die Prestige Academy van Kaapstad sal ons op 6 Maart 2017 kom besoek en Noordwes Universiteit (PUK) op 16 Maart. Beide instansies kom stel loopbaanmoontlikhede en studiegeleenthede aan ons leerlinge bekend.



Streeksbyeenkoms

Ek bedank opnuut die ouers wat ons so goed tydens die Huis- en Prestigebyeenkomste ondersteun het. Dankie aan ons ouers met die verkope en die harde werk daaraan verbonde.

U word ook hartlik uitgenooi om die Streeksbyeenkoms van die hoërskool op 4 Maart 2017 by te woon om sodoende ons atlete en ouers te kom ondersteun. Die verkope van die eet- en drinkgoed van hierdie dag sal ten bate van die eerste rugby- en netbalspanne se toerfonds gaan.



Oudioloog

Op die 3de Maart besoek Windhoek Gehoor Instituut die skool om gehoorsiftingstoetse op ons kinders sowel as ouers te doen. Indien u belangstel, stuur asseblief N\$100, asook die voltooide toestemmingsbrief, na me. Tanya Schutte of die kantoor voor of op 1 Maart. Neem kennis dat geen toets daarsonder gedoen sal word nie.

Winterdrag

Bestellings vir skooltruie, baadjies en skoolserpe vir die komende winter moet geplaas word by Amelia by 081 2975646, sodat ons dit betyds kan bestel. Indien u nie seker is van die groottes nie, kan u kind dit in die Palmboetiek kom aanpas.



Finansiële Kantoor

Daar is 'n bedrag van N\$850 betaalbaar vir die praktiese deel van die Gasvryheidsklas. Betalings kan saam met die skoolfonds betaal word. U rekening word met die bedrag gedebiteer.



Let asseblief daarop dat alle skool- bus- en Palmpikkiegelde voor die 7de van elke maand betaal moet wees.

Wynveiling

Hierdie jaar se wynveiling vind op 7 Junie in Windhoek plaas. Die koste van kaartjies beloop N\$450.00 per persoon. Christo & Kobus van Die Broers is die gaskunstenaars en Jean Engelbrecht sal die aand saam met ons geniet. Borge word nog gesoek vir die vliegkaartjies, dekor en klank en enige ander bydraes sal waardeer word. Kontak asseblief vir Heletjè by 0812724666.

25 Jarige feesvieringe

Die reëlings van Elnatan se 25-jarige feesvieringe het al begin vorm kry. Indien u enige idees, borge of hulp kan aanbied, kontak Louisa Campbell by 0812819074.



Ek wens u 'n goeie week toe en hoop die reën gaan nie te lank wegbly nie.

Elnatangroete

Dekker Vermeulen

Afwesighede vir die week

Skool	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Totaal
Jnr. Primêr	0	0	1	2	1	
Snr. Primêr	0	1	1	0	0	
Hoërskool	4	2	5	6		

Belangrike Datums

- 2 Maart Redenaars
- 3 Maart Jnr. Primêr Ouerdag
- 3-4 Maart Streeksbyeenkoms Hoërskool O/15, O/17 & O/19 Atletiek Elnatan
- 4 Maart NASP Boogskiet (Whk)
- 6 Maart Prestige Academy besoek
- 16 Maart Pukke besoek
- 11 Maart Streeksbyeenkoms Laerskool O/11 & O/13 Atletiek Mariental
- 17 Maart Skool sluit
- 24-25 Maart NAPSO Atletiek Swakopmund



UIT DIE WOORD

Duisend jaar is vir U soos gister as dit verby is, soos een enkele wagbeurt in die nag.

Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom. (Ps. 90:4,12)

*Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen. (Pred.8:5-7)

*Ek bedoel dít broers: die tyd is min. (1Kor. 7:29)

*Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges.

Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd. Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.

(Ef. 5:15-17)



WYSE WOORDE



- ~ Onthou dat God nooit haastig is nie, maar Hy is altyd betyds, Hy sal jou hele leeftyd gebruik om jou vir jou rol in die ewigheid voor te berei. (Rick Warren)
- ~ Wat ek met vandag doen, is baie belangrik. Ek koop dit immers met 24 uur van my lewens tyd. (AM Wells)
- ~ Jou tyd is jou lewe. Dis waarom jou tyd die grootste geskenk is wat jy iemand kan gee. (R. Warren)
- ~ Die mens wat God wil ken, moet aan Hom tyd gee. (AW Tozer)

Groot "Baie dankie"!!!

Aan elke onderwyser, Ouer, Leerling en Personeelid, vir al die by-Draes; gebede; kaartjies; blomme En woordjies van bemoediging.

Sonder julle en Ons Hemelse Vader
Sou ek nie die wa deur die drijf kon
Trek nie.

Vir die kleintjies...
Dankie vir al die warm drukkies
In die kombuis.

Tannie Elsa Brenkman



Lief julle ook.

Elnatan Kalahari Wynweiling 2017

Plek: Safari Hotel
Datum: 7 Junie 2017
Tyd: 18h00 vir 19h00
Drag: Semi-Formeel
Kostes: N\$450 p/persoon
N\$ 4500 p/tafel
Besprekings: riviera@iway.na



Kaartjie sluit in aandete, gaskunstenaar en 'n gratis whiskey & gin proe vanaf 18h00

DR. Shameela Suliman



BchD(UP) MchD Orthodontics (UWC)

Ortodontis

2de Vloer, Maerua Park, Centaurusstraat, Windhoek

T 061 401 500

E orthodontist@iway.na

W www.orthodontistwindhoek.com

F 061 401 501 C 081 385 3881

Facebook: Dr. Suliman-Orthodontist